



7 April 2022

TYD EN PRESISIE 1 GRENDELAKSIE (SG08)

TAK VLAK

Inleiding

Hierdie skietoefening bied aan sportskuts met standaard grendelaksie randslaggewere 'n uitdagende skietoefening wat bestaan uit 'n kombinasie van spoed en presisie. Die oefening bestaan uit 30 skote wat in 3 oefeninge verdeel word.

Takvlak

Skietbalkies:	Brons:	180 uit 300
	Silwer:	210 uit 300
	Goud:	240 uit 300

Afstand

10m, 15m, 25m


Tipe vuurwapen

Standaard grendelaksie randslaggewere



Randslagammunisie (.22 LR)

Alleenlik .22 lank en .22 kort randslagammunisie word toegelaat.



Herlaai

Na die aanvanklike opdrag om te laai, moet alle verdere herlaai-aksies plaasvind met ammunisie vanuit die deelnemer se sak, ammunisiegordel, meganiese herlaaiers, ekstra magasyn, spesiale sak of elders aan die deelnemer as persoon. Dit is deelnemers se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle genoeg ammunisie vir elke oefening of kompetisie het.

Visiere of teleskope



Oop/optiese visiere

Geweerbande

Geweerbande is nie toelaatbaar nie.

Skietoefening

30 Skote (Totaal van 300 punte)

Oefening

Skuts word op skietpunt versoek om hulle wapens uit te pak en veilig te verklaar. Die volgende oefening vind plaas vanaf die 45-grade posisie, staande sonder ondersteuning.

Hierdie oefening duur ongeveer 30 minute om te voltooi. Dit vereis 30 rondtes. Die maksimum telling is 300.

Oefening 1 25 meter, 10 skote [5, herlaai 5] in 2 minute [Sluit herlaai in]

Oefening 2 15 meter, 10 skote [Totaal]

Fase 1: Laai en maak gereed met 5 rondtes

Vuur 1 skoot binne 2 sekondes met tussenposes van 5 sekondes

Bring wapen terug na gereedposisie (45 grade) na elke fase.

Hierdie fase word 5 keer herhaal

Fase 2: Laai en maak gereed met 5 rondtes
Vuur 1 skoot binne 2 sekondes met tussenposes van 5 sekondes
Bring wapen terug na gereedposisie (45 grade) na elke fase.

Die fase word 5 keer herhaal

Oefening 3 10 meter, 10 skote [Totaal]

Fase 1: Laai en maak gereed met 5 rondtes
Vuur 5 skote binne 10 sekondes
Bring wapen terug na gereedposisie (45 grade) na elke fase.

Die fase word 2 keer herhaal

Gelykoptellings

Indien daar gelykoptellings is, geld die volgende reëls:

- Die hoogste getal "X" in die uitslag;
- Met die hoogste getal "X" vanaf die verste afstand
- Met die minste aantal skote met laagste waarde in die rondte

Teiken

1 x S10 (halfgrootte)

Die oefening kan of op draai-teikens of op statiese teikens met 'n fluitjie geskiet word.

